# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 48e Uitgawe 19September 2014
saam met Koersvas 48

In 1986 verskyn 'n boek met die titel Die Heidelbergse Kategismus waarvan die skrywer aangedui word as JP Oberholzer as deel van die voorstudie oor die toets van die nuutste teks in Afrikaans van die Heidelbergse kategismus.

Hierdie boek verskaf aan die leser die Teks van die heidelbergse kategismus soos dit in die Duits verskyn het in 1563, die Latynse teks van 1563, die Nederlandse teks van 1611 en die Afrikaanse teks van 1982.

Insiggewend word die boek se teks maklik gevolg en kan daar deur gebruik van die boek maklik verwys word na die tekste.
'n Indeks van sleutelwoorde en aparte indeks van Skrifverwysings verskyn ook agter in die boek.

In Hierdie boek word uit die aard van die saak ook die Vertalings van Sondag 17 met vraag 45. Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?
In die teks op bladsy 69 verwys die skrywer in die duitse teks na die eerste uitgawe van die teks van Ursinus waarin hy melding maak dat daar die by rand uitsprake van die Kategismus stilgestaan kan word nie. Dit dui daarop dat hierdie vraag wel as een van die kern uitsprake van die kategismus is en dat dit volledig deur Ursinus met Bybelverwysings voorsien is.

In die antwoord op Vraag 45 stel die kategismus dit as volg: Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon word. Tweedens word ons nou deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek en derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Sondag voel vandag dalk al vir u vêr weg. En daarom dat ons vandag aandag gee aan die wonder van Christus se opstanding. In Romeine 10 lees ons die feit van Christus se opstanding en in die Kategismus leer ons watter nut dit vir ons het.
In die eerste plek kry ons deur Christus se opstanding deel aan die geregtigheid. Ons vyand, die dood, IS oorwin. Ons laaste vyand volgens 1 Kor. 15 is vernietig. Die dood wat die straf van God en die betaling van die sonde was is oorwin deur Hom wat nie deur die dood gevange gehou kon word nie. En as my vyand oorwin is kan hy my geen skade aandoen nie.

Die oorwinning oor die dood deur Christus is vir ons die deelhê aan die geregtigheid of te wel die deelkry aan die doen wat reg is deurdat ons gehoorsaam kan wees. Daarom het ons God met alles lief en ons naaste soos onsself.

In die tweede plek kry ons nou deel aan ʼn nuwe lewe. Ons is nie meer vasgevang in die verderf van die natuurlike nie . Christus het juis in die natuur ingekom om die natuurlike te red. Die gelowige word deur die geloof een met Christus sodat ons saam met hom kan sterwe sodat ons ook saam met hom kan lewe. Vroeër het die tydelike die geestesoog van die gelowige oorheers maar nou die ewige.

In die derde plek ontvang ons deur Christus se dood ʼn waarborg van ons eie salige opstanding. Hoe wonderlik sal dit nie wees om ʼn liggaam te hê waarin nie die sonde nie maar onsterflike liggaam sonder pyn en sonde sal leef tot in ewigheid. Die hoop op ʼn nuwe lewe versag al die pyn van die huidige lyding. Hieraan gee Christus waarheid deur self as waarborg hiervan op te staan.

Hy het die dood oorwin en Sy oorwinning is die oorwinning van al die lede. As Hy die hoof is en ons die liggaam dan is u ook verlos. Sy geregtigheid is ook die geregtigheid van al die lede. Hoekom sal ek myself dan in hierdie opstanding laat twyfel.

Ds Arno Nieuwhof